

# ONROERENDE EIENDOMME

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Bestuur: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om vanaf 2 Oktober 2026 tot 3 November 2026 (30 dae) kommentaar, insette of aanbevelings by die munisipaliteit in te dien.

Meer besonderhede hieroor kan slegs volgens afspraak tydens kantoorure (08:00–15:00) op gewone werksdae op die 13de verdieping, eiendomstransaksies, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad besigtig word. Kommentaar, insette of aanbevelings oor die voorgestelde verkoop van die Stad se onroerende eiendomme kan per e-pos by die betrokke Stadsamptenare wat in die tabel hier bo gemeld word, ingedien word of:

- aanlyn: [www.capetown.gov.za/haveyoursay](http://www.capetown.gov.za/haveyoursay)
- afgelewer by: Eiendomstransaksies, 13de verdieping, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad, 8001.

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul besware neer te skryf en by die Stad in te dien. Kontak die onderstaande persone:

**Vir algemene openbare deelname of benadeelde groepe kontak:**  
**Anathi Dywili** by 021 400 9825 of per e-pos by [Anathi.Dywili@capetown.gov.za](mailto:Anathi.Dywili@capetown.gov.za)  
Rig navrae aan die betrokke amptenaar wat in die tabel hierbo gemeld is.

## VOORGESTELDE SLUITING EN VERKOOP VAN DIE STAD SE ONROERENDE EIENDOMME

Ingevolge artikel 4 van die Stad Kaapstad: Verordening op Onroerende Eiendom (afgekondig op 11/12/2015), die beleid oor die bestuur van sekere van die Stad Kaapstad se onroerende eiendom (aangeneem deur die Raad op 26 Augustus 2010 C54/08/10), artikel 11.5 en hoofstuk 2 van die regulasies oor die oordrag van munisipale bates (2008), oorweeg die Stad Kaapstad die sluiting en verkoop van die onderstaande eiendomme in Stadsbesit. (Dit is nie 'n tenderadvertensie nie.)

| Sluiting en verkoop |             |                     |                |                |                                                  |                                      |                                                                                                                                 |
|---------------------|-------------|---------------------|----------------|----------------|--------------------------------------------------|--------------------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| Erf-/Plaas-nummer   | Voorstad    | Straat              | Uitbreiding    | Grootte (± m²) | Huidige sonering                                 | Geraamde markwaarde (BTW uitgesluit) | Stads-amptenaar                                                                                                                 |
| 4283                | Klein Vlei  | Liguster-sstraat 70 | Forest Heights | 346            | Oop ruimte 2                                     | R450 000                             | Keanon van der Walt<br>021 400 1809<br><a href="mailto:Keanon.VanDerWalt@capetown.gov.za">Keanon.VanDerWalt@capetown.gov.za</a> |
| 4284                | Klein Vlei  | Liguster-sstraat 72 | Forest Heights | 351            | Oop ruimte 2                                     | R450 000                             | Keanon van der Walt<br>021 400 1809<br><a href="mailto:Keanon.VanDerWalt@capetown.gov.za">Keanon.VanDerWalt@capetown.gov.za</a> |
| 2494-RE             | Oranjezicht | Summerseatslot 1A   | Tuine          | 1 294          | Algemeen residensieel 2, met openbareplek-status | R15 000 000                          | Amanda Okuhle Fono<br>021 444 3446<br><a href="mailto:AmandaOkuhle.Fono@capetown.gov.za">AmandaOkuhle.Fono@capetown.gov.za</a>  |

### Inligtingsverklaring ingevolge hoofstuk 2, regulasie 5 van die regulasies oor die oordrag van munisipale bates (MATR) (R.878)(2008):

- i) Die waardasie van die kapitaalbate wat oorgedra of verkoop moet word en die waardasiemetode wat gebruik is om daardie waardasie te bepaal**  
Die markwaardasie wat deur die afdeling eiendomstransaksiewaardasie gedoen is deur die vergelykbareverkoopemetode te gebruik, raam die markwaarde van die betrokke eiendomme soos aangedui in die tabel hier bo, met styging teen 'n markverwante koers.
- ii) Redes vir die voorgestelde oordrag of verkoop van die bates**  
Die Stad se interne diensdepartemente het bevestig dat die eiendomme nie vir die voorsiening van die minimum vlak basiese munisipale dienste benodig word nie.
- iii) Enige verwagte voordele vir die munisipaliteit wat uit die oordrag of verkoop kan voortspruit**  
Die Stad sal onderbenutte kapitaalbate in belasbare eiendomme omskep. Die Stad sal onderbenutte kapitaalbate vir ekonomiese groei en hoërintensiteitgebruik aanwend.
- iv) Enige verwagte opbrengste vir die munisipaliteit uit die oordrag of verkoop**  
Na verwagting sal die Stad die opbrengs in die vorm van 'n markverwante verkoopprijs en toekomstige belastinginkomste ontvang.
- v) Enige verwagte wins of verlies vir die munisipaliteit voortspruitend uit die oordrag of verkoop**  
Die normale koste wat verband hou met die advertensies sal deur die Stad aangegaan word. Die koper sal vir die oordragkoste verantwoordelik wees.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Bestuur: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belangstellende partye of groepe die geleentheid gebied om van 2 Oktober 2026 tot 3 November 2026 kommentaar, insette of aanbevelings by die munisipaliteit in te dien.

Meer besonderhede hieroor kan slegs volgens afpraak tydens kantoorure (08:00–15:00) op gewone werksdae op die 13de verdieping, eiendomstransaksies, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad besigtig word. Kommentaar, insette of aanbevelings oor die voorgestelde verkoop van die Stad se onroerende eiendomme kan per e-pos by die betrokke Stadsamptenare wat in die tabel hier bo gemeld is, ingedien word of:

- aanlyn: [www.capetown.gov.za/haveyoursay](http://www.capetown.gov.za/haveyoursay)
- afgelewer by: Eiendomstransaksies, 13de verdieping, Burgersentrum, Hertzog-boulevard 12, Kaapstad, 8001.

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense wat met gestremdhede leef en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul besware neer te skryf en by die Stad in te dien. Kontak die onderstaande persone:

**Vir algemene openbare deelname of benadeelde groepe kontak:**  
**Anathi Dywili** by 021 400 9825 of e-pos [Anathi.Dywili@capetown.gov.za](mailto:Anathi.Dywili@capetown.gov.za)  
Rig navrae aan die betrokke amptenaar wat in die tabel hier bo aangedui is.

**LUNGELO MBANDAZAYO**  
**STADSBESTUURDER**  
**2 Oktober 2026**



**CITY OF CAPE TOWN**  
**ISIXEKO SASEKAPA**  
**STAD KAAPSTAD**

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**



**Claremont Improvement District Company NPC**

### Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering

Die Claremont Improvement District NPC (CIDC) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belang-hebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/28.

**Datum:** 29 Oktober 2026  
**Tyd:** 17h00  
**Plek:** Southern Sun Hotel, Main Weg 7, Nuweland, 7700

Net bona fide-lede van die CIDC kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die CIDC se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor 22 Oktober 2026 geregistreer wees.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na [www.cidc.co.za](http://www.cidc.co.za) of bel 021 674 0639**

179731-DB021026



### Kennisgewing van algemene jaarvergadering

Die Elsies River City Improvement District NPC (ERCID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/28.

**Datum:** Dinsdag, 27 Oktober 2026  
**Tyd:** 15:00  
**Plek:** Granite Connection, 24 Consaniweg, Elsiesrivier Industrieel, Kaapstad, 7480

Net bona fide-lede van die ERCID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die ERCID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor Vrydag, 16 Oktober 2026 geregistreer wees.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na [www.ercid.co.za](http://www.ercid.co.za) of bel 021 565 0901.**

179731-DB021026



### Kennisgewing van algemene jaarvergadering

Die Tygervalley Improvement District NPC (TVID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/28.

**Datum:** Woensdag, 28 Oktober 2026  
**Tyd:** 15:00  
**Plek:** Auditorium, Santam Hoofkantoor, Sportcasingsel 1, Tygervalley, Kaapstad, 7530

Net bona fide-lede van die TVID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die TVID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor Maandag, 19 Oktober 2026 geregistreer wees.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na [www.tvid.co.za](http://www.tvid.co.za) of bel 021 565 0901.**

179731-DB021026



**BBID**

**Brackenfell Business Improvement District NPC**

### Kennisgewing van algemene jaarvergadering

Die Brackenfell Business Improvement District NPC (BBID) gaan 'n algemene jaarvergadering hou. Alle belanghebbendes word genooi na 'n oorsig van die afgelope boekjaar se aktiwiteite en die beplanning vir 2027/28.

**Datum:** Donderdag, 29 Oktober 2026  
**Tyd:** 10:00  
**Plek:** Die Ateljee, 28 John Gainsford Straat, Springbokpark, Brackenfell, Kaapstad, 7560

Net bona fide-lede van die BBID kan oor die resolusies voorgelê by die ledevergadering stem. Hierdie lidmaatskap is gratis beskikbaar aan alle eienaars van eiendom in die BBID se gebied wat vir die bykomende heffing aanspreeklik is (betalers van bykomende heffings), maar hulle moet voor Dinsdag, 20 Oktober 2026 geregistreer wees.

**Om as lid te registreer of nog inligting en dokumentasie te kry, gaan na [www.bbld.co.za](http://www.bbld.co.za) of bel 021 565 0901.**

179731-DB021026